# SONDAGSKOOL LES: Beeld van God

**Doel van les:**

- Ons leer vandag wat dit beteken wanneer ons praat van ons is na God se beeld geskape.

**Ysbreker: Slogans PPT**

**Process die Ysbreker:**

- Wat is 'n slogan?
- Hoekom gebruik 'companies' slogans?

Wanneer ek 'n company se slogan hoor, weet ek watter company dit is, en dit vertel my meer van die company, soos bv. Wat wil hulle hê jy moet onthou van die company, of waarmee wil hulle hê jy moet hulle mee assossieer – bv. Finger licken good – dis BAIE lekker ens.

**INLEIDING:** Ons gaan vandag bietjie praat oor dit wat ons in Gen 1:27 lees: "God het die mens geskep as Sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep"

**Vraag in die groepe:**

- Wat verstaan JULLE as ek vir julle sê dat julle na die beeld van God geskep is?

Ons kan baie dinge vandag hieroor sê en baie tegnies hieroor raak, maar ons wil dit graag eenvoudig hou sodat julle dit verstaan en onthou.

**PPT – Beeld**

**Videoclip – Bruce Lee seuntjie**

Wanneer God sê dat Hy ons na Sy beeld geskape het, beteken dit nie dat ons soos Hy lyk nie.

Wanneer God sê dat Hy ons na Sy beeld geskape het, beteken dit om soos Hy te wees. Nou gaan jy vir my sê, hoekaai, stop die bus, ek kan NIE soos God wees nie, Hy is dan God! En dis reg so, ons is nie God nie, en ons kan ook nie God probeer wees nie, maar Gen 1:27 het 'n baie belangrike eerste gedeelte wat die tweede gedeelte eintlik mooi verduidelik.

Gen 1:27 se eerste deel sê : "God het die mens geskep as Sy verteenwoordiger". Nou wat beteken dit, want dis wat jou help om die beeld te verduidelik. As ek bv. My skool êrens moet verteenwoordig (namens hulle êrens heen gaan), dan staan ek vir hulle waardes, en dit wat vir HULLE belangrik is, NIE my eie nie, ek is in hulle plek daar, ek is nie vir my eie goed daar nie.

So wanneer God sê dat ons Sy verteenwoordigers is, en na Sy beeld geskape is, dan beteken dit dat ek vir God se waardes staan, en dit wat vir HOM belangrik is, so ek moet amper soos Hy wees, behalwe dat ek nie God is nie. Met ander woorde, ek moet God se eienskappe hê om vir die wêreld te wys wie Hy is, deur my en die manier hoe ek leef! Want ek is Sy verteenwoordiger, en ek is na Sy beeld geskape, so ek moet Hom vir die wêreld weerkaats!

BEELD VAN GOD

Soos ek nou gesê het, is ek nie God nie, en kan en mag ek nie God wees nie, maar daar is 'n klomp eienskappe wat ek as kind van God met Hom deel, en dis die eienskappe wat Hy wil hê dat ek vir die wêreld moet weerkaats.

**Groepwerk:**

Julle gaan nou in julle groepe verder werk. Julle gaan die teksdele lees en besluit watter eienskap dit is. So julle gaan 'n lys van God se eienskappe maak wat in ons as Sy beeld weerkaats moet word.

TEKSVERSE: (leiers, maak asb seker dat die kinders weet wat die eienskappe beteken!)

- 1 Pet 1:16 Daar staan immers geskrywe: "Wees heilig, want Ek is heilig"
  (Antwoord: Heilig – sonder sonde / nie dieselfde sondes oor en oor doen nie)
- John 3:33 "Wie Sy getuienis aanvaar het, het daardeur bevestig dat God geloofwaardig is"
  (Antwoord: Geloofwaardig – jy kan die persoon glo / vertrou / wat hy sê en praat is die waarheid.)
- Ps 33:5 "Hy het geregtigheid en reg lief, die hele wêreld is vol van die Here se troue liefde"
  (Antwoord: Liefde – selfs vir die mense wat dit nie verdien nie)
- Ps 119:68 "U is goed en U doen goed; leer my u voorskrifte"
  (Antwoord: Goedheid – goed vir ander mense / goeie mens in hoe jy leef)
- Ps 100:5 "want die Here is goed, aan Sy liefde is daar geen einde nie, Sy trou duur van geslag tot geslag"
- (Antwoord: Getrouheid – as jy sê dat jy iets gaan doen, dan doen jy dit – jy kan die persoon vertrou.)
- 2 Pet 3:15 "En beskou die geduld wat ons Here met ons het as geleentheid om gered te word"
  (Antwoord: Geduldig – kan wag, maar kan ook baie verdra van ander.)
- Ps 99:4 "U is die magtige Koning, U het die reg lief; wat reg is, het U tot stand gebring. U het reg en geregtigheid in Jakob gevestig"

(Antwoord: Geregtigheid – staan vir wat reg is, en NIE vir wat verkeerd is nie! Doen die regte ding al is dit partykeer hoe moeilik en al staan jy alleen wanneer jy dit doen!)

- Jerm 23:6b "Die Here regeer regverdig oor ons."
  (Antwoord: Regverdigheid – trek nie iemand voor nie, gee jou wat jy verdien.)
- Eksodus 34: "Terwyl Hy by Moses verbygaan, roep die Here: "Ek die Here, is die barmhartige en genadige God, lankmoedig, vol liefde en trou"
  (Antwoord: Genadig– om iets te kry sonder dat ek daarvoor gewerk het, of dit verdien
  Barmhartig – help iemand wat seer het, of swaarkry sonder dat jy iets daaruit kry.)

Volgende week gaan ons 'n aktiwiteit doen om hierdie eienskappe uit te beeld.

Sluit af met gebed in groepe.